- JOHNSTON SERPE . . 7/6
- PALM BEACH DASSE . 5/9
- AMERIKAANSE OORTREKJERSIES

DIE EIKESTADWINKEL (EDMS.) BPK.

- Onthou ons Snyersafdeling in CUTHBERT se Geboue.



DIE

# Matie

STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT. ORGAAN VAN A.N.S.-TAK.

DEEL I. No. 13. VRYDAG, 9 AUGUSTUS 1946 Prys 1d.



H. VILJOEN

PLEINSTRAAT

vir

GLOEILAMPIES en alle ELEKTRIESE BENODIGDHEDE

UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH UNIVERSITY LIBRARY. 21 MAR 1949


# POGING OM A.S.B. TE STIG TREF STELLENBOSCH IN WINTERSLAAP

## Klein Monstervergadering Getuig Van Floue Belangstelling

**Die jongste monstervergadering wat op Dinsdagaand, 6 deser in die C.S.V.-saal gehou is, is weereens gekenmerk deur die skreeuende gebrek aan belangstlling aan die kant van die studentegemeenskap in sake wat vir die heil van die Universiteit van die grootste belang is.**

Daar word allerweë gevoel dat Stellenbosch 'n atoombom nodig het om die massa uit sy winterslaap van afsydige traak-my-nie-agtigheid wakker te skud! Of is die ou Matiegees van selfstandige ondersoek en dinke, van stryd en protes, jeugvuur en idealisme, reeds dood en begrawe soos sommige mense wil beweer?

Nadat 'n vorige monstervergadering misluk het omdat die kworum van 100 studente nie gevind kon word nie, is die saak herstigting van 'n tak van die A.S.B. Dinsdagaand voor 'n geringe honderdtal studente te berde gebring.

Mnr. Bun Booyens het namens die V.S.R. die woord gevoer en verduidelik wat die omvang, doel en strewe van die A.S.B. is. Onder meer sal die vereniging hom beywer om alle blanke studente met christelike inslag in een groot organisasie saam te bring, om sodoende vriendskaplike betrekkinge tussen individue, groepe en universiteite te bevorder en die student 'n geleentheid te bied om sy stem te laat geld ten opsigte van landsvraagstukke ens., binne die groot organisasie.

*Nadat die voorsitter die saak vir bespreking oopgestel het, het verskeie persone met hul menings voor die dag gekom. Daar is enersyds gewys op die behoefte aan so 'n organisasie, op sy moontlikhede om studente-toere te reël, om beter gesindhede tussen die verskillende bevolkingselemente te bewerkstellig en so meer. Andersyds is met ewe vurige oortuiging aangevoer dat die behoefte aan A.S.B., die vooropgesette vereiste vir stigting, tans op Stellenbosch nie bestaan nie, dat geen student ooit in hierdie land objektief teenoor belangrike vraagstukke kan staan nie; dat Stellenbosch reeds 'n groot aantal nuttige verenigings het wat kwyn en dat die tyd vir so'n beweging nog nie ryp is nie.*

Uiteindelik het die vergadering besluit om die saak op 'n volgende monstervergstervergadering wanneer die konstitusie voorgelees sal word, af te handel.

## „Student" Behou Die Lewe

Op Dinsdagaand se monstervergadering het mnr. B. Booyens verslag gedoen met betrekking tot die bevindinge van die komitee van die V.S.R., wat belas was met die ondersoek na die moontlikheid om „Die Stellenboschse Student", „Werda" en „Die Matie" tot een weeklikse studenteblad te amalgameer.

Die spreker het met lof getuig van die simpatieke en onbevooroordeelde wyse waarop beide „Werda" en „Die Matie" die onderhandelings deurgevoer het. Die eerste beswaar teen die poging het egter van „Die Matie" gekom en wel vanweë gesigspunte wat vir hom na 'n deurtastende ondersoek aan die lig getree het. Vervolgens het „Werda" nie sy weg oopgesien om sy identiteit prys te gee nie en die onderhandelinge het doodgeloop.

## Intervarsity Teen U.P. 24 Augustus: Gaan Ons Sing?

### LET WEL

**„Die Matie" sal op Vrydag, 17 Augustus, verskyn en daarna vir die res van hierdie semester elke veertien dae, d.w.s. op Vrydae wanneer „Werda" nie verskyn nie.**

Beide mnre. Booyens en R. Mohr het 'n aller-dringende beroep op die studentegeledere gedoen om „Die Student", waar dit die wens van die ander blaaie en die studentegemeenskap is dat dit behoort voort te bestaan, in die eer van sy tradisie, beter te ondersteun as in die jongste verlede die geval was.

# ONS HEET GROOT DIGTER WELKOM!

## A. ROLAND HOLST TANS OP BESOEK IN SUID-AFRIKA

**Suid-Afrika het 'n groot eer en voorreg te beurt geval! Saterdag het A. Roland-Holst, een van Nederland se grootste digterpersoonlikhede, van die „Oranjefontein" in die Kaap aan wal gestap. As studentegemeenskap wil ons hom besonder welkom heet.**

Hy is in 1888 in Nederland gebore en word beskou as die grootste digter van wat in die poësie genoem word „die groep van die 2e generasie," — d.w.s. tussen die Tagtigerbeweging en die vorige wêreldoorlog. Van die ontstaan en aard van sy poësie sal by 'n later geleentheid vollediger meegedeel word. Wie nog nie met sy werke kennis gemaak het nie, het homself 'n onreg aangedoen en veel gemis.

Roland-Holst is voornemens om tot aan die einde van Aprilmaand aanstaande jaar hier te vertoef. In hierdie tyd sal daar geleentheid wees om hom persoonlik te hoor — en as u gelukkig is, te leer ken — aangesien hy 'n reeks lesings hier aan verskillende universiteite sal gee. Vanaf September tot Oktober aan die suidelikes en daarna vertrek hy dan na die Vrystaat en Transvaal.

(U, as student, kan gerus in die tussentyd kennis maak met enkele van sy digbundels — hulle is almal in die Carnegiebiblioteek — ook die 2 gedigte wat in pamfletvorm gedurende die tweede wêreldoorlog in die geheim gepubliseer is).

Tydens die oorlog was hy verplig om maandelank onder die grond in skuilings te bly (soos talle van sy landgenote) — ons wil die hoop uitspreek, dat die sonnige Suid-Afrika ryklik sal vergoed vir wat hy in die oorlogsjare moes verduur!

# U.K.-REDENAARS BESOEK STELLENBOSCH

**Op Vrydagaand, 2 Augustus, is daar weer geskiedenis gemaak in die loopbaan van die Debatsvereniging — die Ikeys het hulle kragte kom meet in 'n Interdebat met ons oor die onderwerp: „Ons moet ons nie onderwerp aan die tirannie van konvensie nie." Nadat hulle onthaal is op 'n dinee in die „Uitspan" het die geselskap hulle na die Huishoudkunde-saal begeef.**

Mnr. Silberbaum het ingelei en Universiteit Kaapstad se standpunt voortreflik verdedig. Hy is ondersteun deur mnr. Fagan. Hulle het hulle toesprake in Afrikaans gelewer.

Mnr. Pieter de Kock, teenstander, is ondersteun deur mej. Marion Brown. Hulle het hulle goed gekwyt van hulle taak in Engels.

As secundi vir Kaapstad en Stellenbosch het mnre. Ogelthorpe en Cadman onderskeidelik opgetree, na 'n lewendige bespreking vanuit die vloer. Die standpunt gestel deur U.K. het gewen met 'n meerderheid van tien stemme.

Gedurende die verrigtinge het ook opgetree mnr. Eug. Pretorius, wat 'n vioolsolo gelewer het — begelei deur mej. Elma de Villiers. Later het mnr. Walter Roux, begelei deur mnr. Chris Botha (klavier) en mnr. Pretorius (viool-obligato), 'n sangsolo gelewer. Weens die hoë gehalte van albei nommers, het hulle groot byval gevind.

'n Genotvolle aand is afgesluit met koffie in die Uitspan.

Mnr. Bertie Heyns het as voorsitter en mej. Dora Louw as sekretaresse opgetree by die geleentheid, aangesien mnre. Hendrik van Rooyen en Piet Delport nie aanwesig kon wees nie.


**Besoek DIE UITSPAN**

**Waar die atmosfeer rustig is, die bediening beleefd en flink, die spyse — vanaf 'n koppie koffie tot 'n volledige maaltyd — - - - smaakvol aantreklik en goedkoop - - -**

**DIE UITSPAN is 'n besoek werd!**

DIE EIKE KAFÉ
Onder persoonlike toesig van
(Mnr. en Mev. van Zyl)
SIGARETTE en TABAK
SJOKOLADE en GEBAK
VARS VRUGTE
en
GROENTE
LIGTE ETES ALLE URE!
In ruil vir u gewaardeerde ondersteuning waarborg ons u
*DIE BESTE DIENSTE*

ONDERSTEUN
DIE ALOMBEKENDE FIRMA
Vir
LEWENSASSURANSIE
Raadpleeg
W. S. MALHERBE
SANLAM
Kantoor: Birdstraat 13, Foon 486.
Huis: De Waalstraat. Foon 222.

*Maties !*
Die
Victoria Kafee
*Vir*
Vars Vrugte
Smaaklike Lekkers
Vriendelike Bediening
Mnr. MALZER
Onthou
Die Biljart Salon

Die Plaza
Foon 0013
TARZAN AND THE AMAZONS
JOHNNY WEISMULLER
SATERDAG, 20 JULIE
Aand om 8 uur n.m.
Matinee om 3 uur n.m.

WELKOM MATIES!
Probeer ons eerste vir al u Apteek-benodigdhede. Ons spesialiseer met die ontwikkeling en afdruk van Spoele en Negatiewe. Spoedige aflewering. DIENS 'N PLESIER!
DIE
STELLENBOSCH-APTEEK
(N. C. Hough)
Andringastraat
STELLENBOSCH

„DIE MATIE"
Alle Korrespondensie aan:—
G. J. ROUX, Hoofredakteur,
Rowanstraat, Stellenbosch.
Assistent-Redakteur: PIET DELPORT.
Nuus-Redakteur: M. VAN TONDER.
Sport-Redakteur: A. CALITZ.
Sosiale-Redaktriese: ELSINE POTGIETER.
Tegniese Redakteur: LOUW KUHN.
Add. Lede: Bonnie Engel, Evert Potgieter en D. Carse.

VRYDAG, 9 AUGUSTUS 1946

# Gedagtes oor Ons Taal

**„O moedertaal, o soetste taal, jou het ek lief bo alles."**

„En daar, in die diepte en in die donker, in die hart van die aarde, daar slaap Talie en Aristo en Sontie.

As ons maar wis waar om hulle te gaan soek!
Want slapende wag hulle na ons om hulle te roep."

Hierdie woorde, 'n diepe versugting, die openbaring van 'n heimwee na die onbereikbare, die immer-ontwykende, staan gedruk op die slotbladsy van 'n mooi kinderboekie „Die Krismiskinders" van ons geliefde volkskrywer, wyle C. J. Langenhoven. Die drie kinders wat deur 'n afgunstige gees, Die Koning van die Duisternis diep onder in 'n gitswart-donker kerker gevange gehou word, was vir Langenhoven die sinnebeelde van die ingekerkerde Afrikaanse skilderkuns, letterkunde en musiek, wat tevergeefs na bevryding en verlossing smag....

Kon Langenhoven maar vandag nog gelewe het! Hoe sou hy saam met u en my gejuig het oor die wondere van ons jong kuns! Want sy stoutste drome het bewaarheid geword: Ons musiek sluimer nie meer nie, die ontluiking het gekom; die wêreld neem reeds kennis van die eerste botsels in ons musiektuin. Ons skilderkuns het verder ontwikkel — reeds het die blou van ons hemel, die majesteit van ons berge, die eensaamheid van ons vlaktes en die weelde van ons lentes 'n verheerlikte vergestalting op die skilderdoek ondergaan.

En ons letterkunde! Is daar nog 'n volk wat in 'n korter tyd soveel skoons en groots in sy taal geskep het....?

Nee, ons erken met vreugde: die kinders wat die geheime van ons kuns moes openbaar, slaap nie meer nie; Langenhoven se versugting het 'n juigkreet gword!

En u, geagte, studenteleser, het u uself al ooit rekenskap gegee van u verpligting teenoor u eiegoedere, u musiek, u kunste, u taal? Vodr alles, u taal? U is 'n student en u geniet die voorreg om self uit die bronne van die kennis, die skoonheid en die waarheid te skep. Doen u dit ten opsigte van u taal?

„Ek ken genoeg Afrikaans om my behoorlik uit te druk," sal u sê.

Ja, maar is u genoeg, nou werklik genoeg?

„Ek studeer in die wetenskappe en stel nie belang in tale nie!"

Goed, maar weet u nie dat die taalwetenskap, en veral u eie taalwetenskap, die eerste en vernaamste van alle wetenskappe is nie?

„Ek lees so af en toe 'n Afrikaanse boek, maar dit bevredig my nie!"

Reg ook. Mar is u nou werklik oortuig dat u àl die beste Afrikaanse werke al gelees het? Ken u Langenhoven se werke. Het u hom dwarsdeur gelees? Om maar één te neem?

„Ek dink die taalmense het teen die tyd al alles omtrent Afrikaans uitgevind en gesê wat daar te wete is," voer u verder aan....

Dan begryp u nog niks van die diepe, gekompliseerde, raaiselagtige, verbluffende struktuur van Afrikaans nie....En dan sal u ook nie weet dat alles wat daar oor Afrikaans gesê is, môre deur 'n nuwe ontdekking deurgehaal kan word nie; dat ons navorsing met betrekking tot die ontstaan en wese van Afrikaans nog maar heel in die beginstadium rondtas in 'n doolhoof van geheime en probleme en raaisels....

In die groot wêreld daarbuite het eerlike taalnavorsers bewerings neergelê en stellings gemaak oór tale, wat deur die wêreld aanvaar word ....Maar die mense ken nie Afrikaans nie. En sodra hulle Afrikaans ken, stort baie van die groot teorieë magteloos in duie....

Nee, ons taal is en bly 'n wonderwerk.

Wees dan spaarsaam met u oordele, u stellinge, u opinies....

En wees versigtig hoe u u taal besig, jaloers-noukeurig in u woordkeuse en uitdrukkingswyse. U hanteer 'n produk, aan die skepping waarvan u geen deel gehad het nie, maar wat deur u onversigtige toedoen veronreg, verontreinig, verneder kan word tot die gebrabbel van 'n wit barbaar!

## *I.s. Nederlandse Studente-Nood Leningsfonds*

Die Redakteur,
„Die Matie."

Waarde Heer,
Die plaaslike reëlingskomitee wat die veldtog ten behoewe van die Nederlandse Studente-Noodlenigingsfonds georganiseer het, wil hiermee bekend maak dat die totale bedrag wat deur Stellenbosch ingesamel is, £273-9-2 beloop.

Ons wil ons dank uitspreek teenoor almal wat die veldtog ondersteun het, veral die publiek en die burgemeester mnr. Krige. In hierdie verband wil ons, ons rektor, dr. Wilcocks bedank. Sonder sy steun sou die veldtog nie so geslaagd gewees het nie.

Dankie vir plasing.
W. E. COOPER,
(Voorsitter Reëlingskomitee).
Dagbreek.
6 Augustus 1946.

## *„Die Matie" Vier Fees*

### *Puik Dinee In Dagbreek*

**By die nadering van die vyfde verjaardag van „Die Matie" is allerweë gevoel dat die heuglike gebeurtenis nie ongesiens verby mag gaan nie. Gevolglik het die Direksie van „Die Matie" op die blink idee gekom om aan die Redaksie en medewerkers, enige ondersteuners en belangstellendes 'n dinee aan te bied, wat verlede Vrydagaand in Dagbreek plaasgevind het.**

As gasheer en -vrou het opgetree mnr. W. H. du Toit, besturende direkteur van Pro-Ecclesia en direkteur van „Die Matie" en mev. dr. W. A. Joubert, bygestaan deur die Redakteur van „Die Matie" mnr. Gerhard Roux en mej. Theonie Pauw. Mnr. S. P. Botha het as seremoniemeester opgetree.

In die groot eetsaal van Dagbreek het mnr. J. W. Bonthuys gesorg vir 'n puik dinee en onder die ruim 70 gaste het daar 'n hartlike, vrolike feesstemming geheers.

O.a. het aan die dineetafel aangesit die ander lede van die Direksie, t.w. adv. J. de Vos, adv. J. Haak, dr. J. A. Wiid, dr. W. A. Joubert

(Vervolg op bl. 4 kol. 2)

## *Verskoning !*

Die hoofredakteur van „Die Matie" wens die aandag van sy lesers beleefdelik te vestig op die feit dat mej. Elsine Potgieter in die portret van die redaksie onvermeld weggelaat is.

Ons is jammer oor die glieps, mej. Potgieter! — G.R.

## *Verlof Aan Lede Van Redaksie*

Mej. Bonnie Engel en mnr. Morkel van Tonder sal vanweë drukke sosiale bedrywighede vir die eersvolgende maand hul werksaamhede op Die Matie-redaksie staak. Ons wens hulle voorlopig alle sukses met hul onderneminge toe.

# „WAPENSKOU" ENIG VAN SY SOORT

## A.N.S.-Orgaan Ontwikkel Tot Afrikaanse Nuustydskrif

**Die blad „Wapenskou", wat hier op Stellenbosch uitgegee word, het reeds 'n lang en kleurryke geskiedenis agter die rug.**

In April 1946 is die blad in sy huidige gedaante, nl. as die enigste Afrikaanse *nuustydskrif* aan die publiek bekend gestel; en sedertdien is vanuit alle oorde en kringe in ons land met groot waardering en lof deur lesers daarvan gepraat en geskryf, veral om rede daarvan dat dit dáárna strewe om op politieke, maatskaplike en ekonomiese gebied, maar ook wat al die terreine van ons volkslewe en -struktuur betref, die uitstaande nuus van die week in 'n samevattende en gekommentarieerde vorm, asook op 'n nie-seksionalistiese wyse, aan alle elemente van ons Suid-Afrikaanse bevolking wat voortdurend op die hoogte van sake wil bly, te bied.

**In die 13 jare wat hierdie jongste ontwikkelingstadium voorafgaan, het „Wapenskou" as amptelike orgaan van die A.N.S. 'n betreklik veelbewoë loopbaan gehad.**

Toe die A.N.S. in 1944 gestig is, het die behoefte aan 'n blad homself spoedig voorgedoen, veral met die oog op idee-wisseling tussen die studente van die verskillende universiteite, wat so ver van mekaar geleë is.

Vanuit die staanspoor het *Wapenskou* 'n baie besliste boodskap aan die Afrikaanse studente-publiek gebring. Veral is treffend die wyse waarop ons volksgeskiedenis en veral ons volkshelde by hernuwing deur die A.N.S. in hierdie blad op die voorgrond gestel is. In dié verband moet in gedagte gehou word dat onder die N.U.S.A.S.-bewind die studerende Afrikaner langsamerhand aan allerlei liberalistiese voorstellings i.v.m. ons volksgeskiedenis ens. gewoond gemaak is, en hierteen het *Wapenskou in verset gekom.* So is b.v. duidelik aangetoon dat die Afrikaner 'n eie lewens- en wêreldbeskouing — gegrond op sy volksaard en -verlede — het, en dat hy nie m.b.t. kwessies soos kleurbeleid enige kompromis t.o.v. die Paul Kruger- en Voortrekker-beginsels sou duld nie.

**Ook het „Wapenskou" daarin geslaag om die „kloof" tussen die noordelike en suidelike studente te oorbrug. Albei groepe het begin insien dat daar géén werklike verskil in hul sienswyses omtrent volksaangeleenthede was nie: dit was hoogstens 'n geval van aparte woordgebruik, bv. die voorliefde van die noordelikes om van „Boerevolk", „Boerekultuur", ens. te praat, teenoor die Bolandse gebruik van „Afrikaner" in dié verband.**

Sedert die grootse Ossewatrek van 1938 moes die blad noodwendig minder akademies word, en ook aktuele staatkundige kwessies in sy kolomme bespreek. Hier het dit hoofsaaklik gegaan om 'n uiteensetting en toeligting van die begrip „volksbeweging", hoewel die idee van 'n Afrikaanse volksbeweging in werklikheid bloot 'n uitvloeisel uit die A.N.S.-strewe vanaf 1933, toe dié beweging die stryd teen die liberalisme aangeknoop het, was.

Onder diegene wat sedert die eerste jare aan *Wapenskou* se opbou meegehelp het, kan die volgende genoem word: Prof. N. Diedericks, mnr. D. W. R. Hertzog, prof. G. G. Cronje, mnre. D. G. Malan, P. C. Coetzee, J. H. Coetzee en Fritz Steyn, dl. D. C. S. van der Merwe en J. Postma, mnre. N. J. de W. Pansegrouw en J. W. Haak, prof. B. I. C. van Eeden, dr. P. A. Theron, mnr. H. van der Poel, dr. D. G. Franzsen, mnre. W. A. Joubert, J. L. Sadie, W. R. Laubscher, en nog heelwat ander. Van hierdie persone verdien egter besondere vermelding mnr. Laubscher en prof. Cronje, mnr. P. C. Coetzee, dr. Franzsen vanweë die geweldig moeilike redaksionele werk wat hulle met die grootste bekwaamheid verrig het.

Sedert 1944 is *Wapenskou,* in opdrag van die A.N.S.-kongres van 1943, deur 'n private maatskappy uitgegee. Volgens direksie-besluit is daar vanjaar daartoe oorgegaan om die blad nie meer kwartaalliks te laat verskyn nie, maar weekliks. Tegelyk het die blad nou, soos reeds aangedui, 'n nuwe rigting in die Afrikaanse joernalistiek ingeslaan.

# PERSONEEL ONTHAAL BY PRO ECCLESIA

## „Die Matie" Betuig Sy Dank

Vrydagmiddag is die personeel van die Pro Ecclesia-Drukkery 'n „natsteen" deur „Die Matie" aangebied. Hierdie was die eerste soortgelyke funksie in die pers se nuwe gebou in Birdstraat.

Sprekers het die personeel lof toegeswaai vir die bekwame wyse waarop daar by dié ou gebou onder moeilike omstandighede gewerk is.

Mnr. Van Ryswyk, vader van die „kapel", het op gepaste wyse geantwoord en 'n heildronk op „Die Matie" ingestel. O.a. is mnr. W. H. du Toit (besturende direkteur), mnr. J. A. Smith, A.K.G. van die O.B., mnre. Hennie Marais en Luther Delport en dr. W. A. Joubert ook onder die aanwesiges opgemerk.

# Boodskap Van Eerste Redakteur Van „Die Matie,"

Onderstaande boodskap bedoel vir die feesviering van *Die Matie* op Vrydag l.l., is ongelukkig te laat ontvang om by die funksie voorgelees te word; derhalwe word dit hier geplaas.

Die Saamroeper,
„Die Matie"-feeskomitee, 1946,
Stellenbosch.

Waarde Heer,

Waar dit vir my onmoontlik is om eerskomende Vrydagaand saam met die wye vriendekring van *Die Matie* die vyfjarige bestaan van ons blad te vier, versoek ek u hiermee beleefd om aan die redaksie, die A.N.S.-tak en alle medewerkers wat saam vergader, my hartelikste gelukwensing oor te dra. In die gees sal ons by die geleentheid wel almal baie gelukkig saam verkeer, want al is die totstandkoming van 'n studenteblad as sodanig geen groot gebeurtenis nie, het die besondere karakter wat ons almal saam vir *Die Matie* kon skep, en die harde stryd vir sy gedagte en sy eie lewe, duursame bande van vriendskap gevorm. En op so 'n aand het 'n mens wel rede om nie net by die geskiedenis van die blad self stil te staan nie, maar om ook weer die tallose meer persoonlike ervaringe wat vir elk van ons met die werk gepaard gegaan het, in die herinnering te bring. Des te meer van 'n teleurstelling is dit vir my dat ek nie saam met u die feesdinee kan bywoon nie.

Uit eie ondervinding weet ek dat 'n redaksie van *Die Matie* alleen in sy werk kan volhard as hy dieselfde gulhartige ondersteuning geniet wat ons in die moeilikste tye ontvang het van die dosente en ander vriende wat altyd jonk van hart bly. Mag hierdie gees van eenheid alle „Matie"-geledere Vrydagaand opnuut so besiel dat ons blad in die toekoms kan wees wat hy tot dusver was!

Lank lewe *Die Matie!* Seëvier hy in nasiediens!

Hoogagtend,
W. A. JOUBENT, Jnr.
P.U.K., Potchefstroom.
30 Julie 1946.

# KOM SPEEL SAAM!!

*Lewensvreugd wek Lewenskrag! U.S. Volkspele elke Vrydagaand 7.30 te Coetzenburg-Gimnastieksaal. Almal welkom. Bring bekertjies saam. Heerlike vars, warm koffie.*


REFLEX-STUDIO
DIE STUDENTE-AFNEMER
Barclays Bankgebou
ANDRINGASTRAAT

HENDRIKSZ
die slagter, spesialiseer in
WORS en VLEIS
vir
BRAAIVLEISAANDE.
Andringastraat, Stellenbosch.

So pas ontvang:
SALONGEWERE
Kal .22
WINDBUKSE
No. 1
HAELPATRONE
Kal 12. No. 4, 6, 8.
WINDBUKS-KOEëLTJIES
No. 1 en 2.
Teen die einde van hierdie maand verwag ons
AUTOMATIESE PISTOLE
KAL. 6.35 en 7.65
R. MÜLLER
Pleinstraat — Stellenbosch

Gestig 1850
Foon 24
APTEKERS
JOERNING EN SEUN
(EIENS.) BPK.,
Hoek van
Bird- en Pleinstraat,
STELLENBOSCH

E. MARSH se
PAARL STOOMWASSERY
tot u diens vir
- WAS
- DROOGSKOONMAAK
- KLEUR
Agente:
DE WET BROERS, Stellenbosch
STELLENBOSCH.

STUDENTE,
dit is Netheid wat tel
Gebruik die stewige
„SPRINGBACK"-LEGGER
vir u aantekeninge. 9/3.
Die „DREADNOUGHT"-MEETKUNDESTEL wat 2 Celluloide Tekendriehoeke (45° en 60°) en 'n Celluloide Gradeboog bevat. 4/6.
STENCILS . . . . . . . . . . 2/-.
HIGGINS INDIESE INK . . 1/9.
VERSKAF DEUR
DIE C.S.V. BOEKHANDEL
PLEINSTRAAT, STELLENBOSCH

Rook Springbok-Sigarette

# Navorsing Op Taalgebied

## Aantreklike Vooruitsigte Vir Taal-Studente

*Volgens samesprekings van die Sentrale Taalmonumentekomitee met die F.A.K.-hoofbestuur, blyk dit dat daar 'n wydlopige poging eersdaags aangewend sal word m.b.t. die navorsing en versameling van taalgoedere wat tot dusver verwaarloos is; dit sodoende aan die vergetelheid te ontruk en vir ons volk te bewaar.*

„Ons ken nie ons woordeskat nie." Dit is die een gedagte wat by elke Afrikaanssprekende opkom as hy dit skielik in sy kop kry om vir sy familie daar in die onderveld te gaan kuier of as die wysneusige student op Oom se plaas aanland en luister na die boerdery-lewe.

Om hierdie leemte te vul, moet daar 'n Taalstudiefonds in die lewe geroep word wat die volgende beoog: Om taalkundiges wat hoofsaaklik sal bestaan uit taalgeleerdes en taalstudente aan ons universiteite die land in te stuur en dit te fynkam op jag na al die ou sê-goedere. En verder, indien dit moontlik is, ook 'n aantal navorsers na die buiteland (veral die Nederlande) te stuur om sodoende die erfgoedere uit Nederlands op te spoor.

Na aanleiding van hierdie gedagte het taalkundiges hulle uitgespreek en o.a. aan die hand gedoen dat aangesien dit binnekort vyf-en-sewentig jaar sal wees dat die G.R.A. gestig is, alle ou stukke in verband daarmee versamel moet word. Verder is daarop gewys dat nie alleen die taal nie, maar ook navorsing van die volkskultuur moet geskied.

Vir die taalstudent en tewens almal wat die Afrikaanse taal lief het, is daar aantreklike vooruitsigte, want dit is moontlik dat die Taalkundiges en Taalstudente van Stellenbosch 'n leidende aandeel mag neem in hierdie groot taak.

Ons wil dan ook die leiers van hierdie onderneming alle sukses toewens en die hoop uitspreek dat hierdie uiters belangrike werk ingang sal vind by elkeen wat Afrikaans as sy moedertaal beskou, want dit vereis die daadwerklike steun van ons almal.

# C.S.V. SAMEL £400 IN

Die aanvang van die tweede semester word altyd gekenmerk as een van die besigste van die C.S.V. Hulle is trouens die hele jaar baie besig. Elke semester het sy eie besondere bedrywighede.

Die jaar word begin met 'n konferensie aan die Strand, dan volg die Eerstejaarsuitstappie na die Strand, die spesiale dienste, inskrywings ens., sodat teen die derde week begin word met vergaderings en Bybelkringe wat voortgesit word tot die einde van die jaar.

Die begin van hierdie kwartaal is die jaarlikse basaar gehou. Dis die geleentheid waar die grootste spangees en samewerking openbaar word — veral as daar soveel struikelblokke in die weg gelê word as wat vanjaar ondervind is. Daar was geen vooruitsig om gebak aan te bied nie en alle artikels is skaars. Nietemin het die lede só 'n ywer aan die dag gelê dat die ander afdelinge, soos handwerk, sykraampies, groente en lekkergoed die agterstand maklik ingehaal het en die stoutste verwagtinge oortref het. Aan onse Koning al die eer en dank!

*Die bruto opbrings was plus minus £428 met 'n netto van £392-1-4.*

*Dr. Muller het om halftien die oggend (Saterdag, 27 Julie) die verrigtinge met 'n inspirerende paar woorde geopen. Op een dag na was dit presies 50 jaar gelede dat die eerste C.S.V.-tak in S.A. hier op Stellenbosch gestig is.*

Dr. Muller het die grootse roeping van die C.S.V. in kort geskets en aangetoon hoe die Vereniging as 'n *skakel* in hierdie tyd van ontwrigting en verbrokkeling dien.

*Die C.S.V. is 'n skakel tussen die verskillende Protestantse kerke en bied die geleentheid aan lede van die verskillende kerke om saam te werk en 'n gesonde broederlike verstandhouding onderling op te bou.*

Tweedens dien die C.S.V. as skakel tussen die verskillende volke en nasies. Die onderlinge vertroue tussen volke kan alleen langs die weg van Christus herwin word en hierin voorsien die C.S.V. in een van die grootste behoeftes van ons tyd.

Derdens bied die C.S.V. 'n skakel vir die student met Christus. D.m.v. die Vereniging kan die student daartoe oorgaan om Christus Jesus nie alleen as Koning van sy eie lewe te erken nie, maar met 'n oorwinnende getuienis Hom as Koning van die konings en van die ganse skepping proklameer:—*Fac Jesum Regem.*

Mag die C.S.V. steeds getrou bly aan hierdie heerlike roeping tot behoud van soekendes en vertwyfeldes en tot die eer en verheerliking van Hom uit Wie en deur Wie en tot Wie alle dinge is.

---

(Vervolg van bl. 2, kol. 4)

en dr. B. I. C. van Eeden. Afwesig was mnr. W. A. Joubert, jnr. Verder was teenwoordig: Die A.K.G., genl. J. A. Smith en mnr. R. Barry, direkteure van Pro-Ecclesia; drie oud-redakteurs van „Die Matie", nl. dr. P. A. Theron, mnr. David van der Merwe en mnr. H. Marais; ook mnr. W. Laubscher, dr. T. Hanekom, drs. W. H. van der Merwe, D. Scholtz, S. J. Pretorius, P. Coertze, mnr. A. Rupert en andere met hul gades en jonge dames.

Na beëindiging van die maaltyd het die geselskap verdaag na die vergadersaal, wat by die geleentheid keurig getooi was met palmtakke en aronskelke. Hier is koffie en ander drankies aangebied.

Heildronke is o.a. ingestel deur genl. Smith op „Die Matie", beantwoord deur dr. D. Franzsen; deur dr. Van Eeden op die Redaksies van „Die Matie", beantwoord deur mnr. G. Roux; deur dr. W. Joubert, snr. op mnr. Du Toit. Vervolgens het ook mnr. P. Delport, subredakteur van „Die Matie" en dr. S. J. Pretorius die woord gevoer.

Na nog 'n tydjie van gesellige onderlinge verkeer het die gaste verdaag met die wete dat 'n baie genoeglike aand ten einde gekom het en 'n gevoel van trots oor wat „Die Matie" hul die afgelope vyf jaar gebied het. By elkeen sal die wagwoord: „Lank lewe *Die Matie*", nog lank bybly.

# Onder Onsies

*Mnr. Hendrik Potgieter (Pottie)* het Dinsdagaand by geleentheid van 'n partytjie, sy mondigwording gevier.

* * *

*Mej. Susan Wessels,* oud-Huis-Villiet, tans onderwyseres in die Paarl, het die naweek op Stellenbosch deurgebring.

* * *

*Mnr. Pet du Toit,* Kweekskool-student, het Maandag sy verjaardag gevier.

* * *

*Mej. Theonie Pauw,* oud-Greylocker, was die afgelope naweek op Matieland.

* * *

Eerskomende Saterdagaand hou Huis-ten-Bosch hul Bar-B-Q-aand! In die Conservatoriumsaal word 'n dans gereël en in die C.S.V.-saal is 'n bioskoopvertoning: „Magnificent Obsession."

* * *

*Mej. Rosa Biggs,* oud-Huis-ten-Boscher, het onlangs verloof geraak aan mnr. Christo de Wet.

* * *

*Mej. Johanna Streicher,* tot verlede jaar studente hier en Huis-ten-Boscher, en Mnr. Koos de Wet, onderwyser te Pretoria, het onlangs verloof geraak.

* * *

*Ds. Koos Badenhorst* van Uitenhage, en mej. Jeanne Rossouw van Ladybrand, albei bekend by Maties, het onlangs hul verlowing bekend gemaak.

* * *

*Mej. Martina Roos,* onderwyseres op Ceres, en mej. Lenie Roos, was die afgelope naweek hier gesien.

* * *

*Mnre. Wil Delport en Gys du Preez,* albei oud-Maties en tans van Riversdal, het die naweek op Stellenbosch deurgebring.

* * *

*Prop. Hennie Lamprechts* van Somerset-Wes, word op 17 Augustus bevestig deur ds. Van Velden, van Montagu.

Foon 94
Santy se Bottelstoor
En probeer ons groot verskeidenheid Soetwyne en keurige Aptyt-drankies.

Alfred Blommaert,
(Foon 48 en 176)
Kerkstraat,
STELLENBOSCH.
KRUIDENIERSWARE
- - YSTERWARE - -
- - PRODUKTE - -
Die Winkel vir billike en spoedige bediening.

HALDENWANG
HEERLIKE GEBAK—NET WAT U HART BEGEER
Kom besoek ons winkel in PLEINSTRAAT en probeer ons Koek, Tert, Vleispasteitjies en alles wat lekker is.
(Foon 135)

So pas ontvang
GRAMMOFOONPLATE
MUSIEKINTSRUMENTE
* * *
Nuwe voorrade word elke dag ontvang
Besigtig ons venster
PRO ECCLESIA-BOEKHANDEL
Posbus 29 — Stellenbosch.

Rook Springbok-Sigarette

# Onder Onsies

*Mej. Louwtjie Maritz* van Harmonie en *mnr. Piet Bierman*, mediese student aan U.K. het verlede Vrydagaand hul verlowing bekendgemaak.

* * *

*Mnr. Tienie Oosthuizen* van Dagbreek, het sy voet verlede week met rugby beseer maar is nou vinnig besig om te herstel.

* * *

*Mej. Edelgard Helberg* van Huis-de-Villiers, is al 'n hele tyd in die bed weens 'n aanval van geelsig.

* * *

*Mej. Dorothy van Blommenstein* het Sondag, 3 Augustus, haar geboortedag herdenk.

* * *

# DAVID BOTHA

Gedurende die afgelope week het Stellenbosch die geleentheid gehad om na die werke van een van ons jongere en nuwe skilders te „kyk." (Dis wat die meeste van ons tog doen!) Die uitstalling was in die Carnegie-saal.

Wat my veral getref het, is dat ons, hoewel daar eksperimentering in verskillende rigtinge is, nie te doene kry met ekstremistiese pogings of banale uiterstes nie. Vreemd was die feit dat daar g'n portrette was nie — Botha het hom toegelê op die skildering van die Maleierbuurt, Kaapstad, die hawe en omstreke en dan enkele stillewes.

By die besigtiging van die stukke het ek gelet op die volgende punte: komposisie, tema, kleur (gebruik, aanwending en samestelling), beligting, perspektief, stemming en karakter en die totale effek.

Almal die skilderye voldoen nie aan al hierdie vereistes nie (dis miskien ook te veel gevra van 'n jong kunstenaar) enkele neig nog na die fotografiese. Ek dink veral aan No. 23 en sommige van die kleiner skilderye. By 'n paar is daar met die perspektief nie alles in orde nie — meer bepaald by Nos. 12, 17 en by 46 die stoepmuurtjie by die gebou aan die regterkant. By een skildery het die komposisie my baie gehinder — te veel en verbrokkelde huise (No. [illegible] — Huise by Mowbray).

Maar Botha ken die Bolandse reën en atmosfeer—hy is deurdrenk daarvan en dit verleen karakter aan 'n hele paar. Ek dink aan No. 14 by uitstek wat vir my baie, baie mooi was. Ook die gestaltes wat weerkaats in die nat teerstraat besit lewe en beweging. Daar is ook diepte.

Die Duiwehok — 'n studie in blou, besit subtiele ligspelinge — is 'n bietjie vol, maar skep tog die indruk van die kompaktheid in hierdie bepaalde plek.

Ek moet ook melding maak van twee stillewes, No. 25 en die kleiner een, No. 36. Veral by No. 25 is die beligting besonder effektief.

Met klein trekkies, verleen by die tiperende kenmerke aan die Maleierbuurt — of dit nou 'n skollie is wat lamlendig teen 'n vuil muur aanleun; of 'n asblik is wat daar rondstaan.

Helder uitspattende kleure is nie gebruik nie, maar waar hy met ligte, somber kleure werk, bereik hy tog suggestiewe wisselinge, vergelyk die donker groen en vuil-wit in No. 1. Ook die nuanseringe van bleek-geel en ligblou by No. 21 is treffend.

Ons volg met belangstelling sy verdere loopbaan.

DORA LOUW.

# IKEYDAMES TWEE KEER OP HOKKIEVELD GEKLOP

## Maties Tans Derde Op Puntelys In W.P.

**Die afgelope naweek was een van groot betekenis vir die hokkie-dames. Daar is nl. beide Saterdag en Maandag teen Ikeys te velde getrek en dit was definitief 'n groot sege-tog. In Saterdag se wedstryd wat besonder opwindend was, is die Ikeys 3—1 geklop op hul eie veld.**

Dit was eers nadat die wedstryd 'n geruime tyd aan die gang was dat die Maties na 'n pragtige aangee van mej. Geyer 'n doel behaal het. Na rustyd het die Ikeys se middel-skakel dit reggekry om ook 'n doel te slaan. Na beurtelingse aanvalle van Ikeys en Maties het mej. le Grange pragtig gebreek en net op die regte tyd aan mej. Keyter aangegee wat suksesvol was en die telling op 2—1 gebring het. Kort voor die end het mej. Soper die bal in die hande gekry van 'n aangee uit die middel en 'n pragtige doel geslaan. Dit het die Maties laat wen met 3—1.

Hoewel die veld Maandag feitlik onspeelbaar was, het die Ikeys dit gewaag om hul skrede na ons Mekka te wend om 'n tweede neerlaag te ly binne drie dae. Temidde van baie modder en water is daar gespeel soos nognie veel van te vore nie. Ook hier was dit eers na 'n taamlike tydjie van swoeg dat die Matie-middelskakel geskiet het en die middelvoor die bal verder aangehelp het tot in die doel. Voor rustyd is nog twee doele aangeteken. Rustyd het gekom met die tuisspan nog op die aanval en die telling 3—0.

Na rustyd het die Ikeys meer aangeval maar die Matie-verdediging onder wie mejj. Speirs, Pretorius, Venter en Price-Moor uitgeblink het, was vir die Kaapnaars te goed. Tog het mej. de Jager van Ikeys op een tydstip deurgebreek om die mooiste doel van die dag te slaan nadat sy die een verdediger na die ander om die bos gelei het. Dit was egter eers nadat mej. Soper weer 'n keer genael het, op die regte tyd aangegee het, dat mej. Keyter die Maties se laaste doel aangeteken het. Die tweede Intervarsity is dus afgehandel en die Maties het vier punte meer ingesamel, sodat hulle nou 12 punte het teenoor 14 van Tuine en 13 van Groenpunt.

### IRa verloor, maar speel goed

Die ander spanne was minder gelukkig en die IRa het albei kere verloor. Hul teenstaanders was definitief beter as hulle. Dit wil egter nie sê dat ons swak gespeel het nie, want in hierdie wedstryde is daar bewegings op tou gesit wat alleen deur die goeie verdediging van die Ikeys gestuit is. Van hulle kan egter ook gesê word dat hulle die regte gees openbaar het deur op die end met krag te speel. Die IIe span het Saterdag 3—0 verloor, maar Maandag het hulle hulself reggeruk en hier gewen met een doel. Ook hul het besonder goed presteer en ons sê graag aan hulle almal baie hartlik geluk. Aan die wat verloor het, sê ons „Volgende keer gaan dit beter, hou moed."

### Saterdag se Wedstryd

Saterdag speel ons weer op Stellenbosch teen W.P.-(klub). Verlede kwartaal het ons ongelukkig teen hierdie span verloor, maar daar is geen rede waarom ons nie hierdie keer op 'n veel beter veld beter sal vaar nie. Die hele span is oorgehaal om soveel keer as moontlik te wen en op die gruisveld is dit moontlik dat die bordjies verhang kan word. Die verdediging is gelukkig genoeg om te kan spog met twee W.P.-spelers en nog ander wat net so bekwaam is. Ons dink hier veral aan mej. Speirs wat binne 'n kort tydjie ontwikkel het tot een van die beste agterspelers in ons klub. Verder is daar mej. Venter wat vinnig genoeg is om enige voorspeler van die doel weg te hou. As mej. Lombard haar bewegings vinniger kan uitvoer, sal ook sy besonder baie kan beteken vir haar span.

Onder die voorspelers is daar genoeg deurdringingsvermoë, spoed en skietwerk en as hulle nog beter saamspeel, sal W.P. met al hul W.P.-spanspelers net lelik moet keer. Onthou dus e.k. Saterdag om 3.30 n.m. langs Sonop. U kan verseker wees van aanskoulike hokkie om nie te praat van vinnige spel nie.

# FEESGROETE UIT PRETORIA

Die volgende boodskap is verlede week te laat vir publikasie ontvang:

Universiteit van Pretoria,
Pretoria,
1 Augustus 1946.

Die Hoofredakteur,
Die Matie,
Stellenbosch.

Meneer,

Ek het so pas by my terugkeer van ons universiteitsvakansie u brief ontvang i.v.m. verjaardagsgroete aan Die Matie. Ongelukkig was dit toe al te laat vir sodanige groete om u betyds te bereik.

Graag maak ek egter van hierdie geleentheid gebruik om u geluk te wens met die standaard wat u in die verlede gestel het, en vertrou dat u sal verstaan dat die afwesigheid van groete in u feesuitgawe nie aan enige gebrek aan belangstelling van ons kant te wyte is nie.

Die Uwe,
W. L. MAREE,
(Hoofredakteur, Perdeby.)


**G. E. HENDRIKSZ**
se viswinkel vir
VARS GEBAKTE VIS,
SOUTVIS en KIPPERS,
AARTAPPELREPIES,



*MATIES ! ! !*
**DE CLERK**
*Die Droogskoonmaker*
GOEIE VINNIGE DIENSTE
BIRDSTRAAT 79, STELLENBOSCH



**HENDRIKZ**
(Foon 95)
Vir Elektriese Benodigdhede, Radio- en alle Elektriese Reparasies.
(Langs Stellenbosch-Apteek)
Andringastraat, Stellenbosch.



*FLORA*
*Studente, Flora bedank u vir die ondersteuning en wens u 'n plesierige vakansie toe.*



*Vir die maak van a volgende*
Paar Sandale
Stewels
Skoene
BESOEK
**LUBBE**
EN SEUN
*die deskundige skoenmakers en repareerders*
Foon 440



**KOM NA ONS**
toe vir u
VULPENNE EN ANDER SKRYFBEHOEFTES
*Parker „51", Parker „Major", Croxley en Summit Penne en allerhande Snuisterye.*
—o—
**DOWSON'S**
Andringastraat 13



*Die Matie*
word op straat versprei en spesiale reëlings word in koshuise getref vir die aflewering van eksemplare aan intekenaars.



**R. W. VAN RIJN**
BRILMAKER
Bring u oogarts se voorskrif na my. Groot verskeidenheid in die modernste Brilrame, asook raamlose modelle. Spesiale afslag vir studente.



5DE VERDIEPING — GROOTE KERKGEBOU — KAAPSTAD

# MATIES EN IKEYS WEER AANMEKAAR

## Sal Coetzenburgse-Slagting In Stellenbosch Se Guns Eindig?

## STRYD OM DOOD EN LEWE VERWAG

**'n Stryd om lewe en dood, waarin geen genade gevra of gegee sal word nie, sal moremiddag omstreeks vieruur op Coetzenburg ontbrand, wanneer die twee tradisionele vyande aanmekaar gaan spring. Dat dit 'n wedstryd sal wees wat die moeite werd is om te aanskou, val nie te betwyfel nie. Is dit 'n droë dag, sal pragtige bewegings en sierlike laagvatte genoeg gesien word. Reën dit egter, sal daar in Coetzenburg se modder 'n voorspelerstryd woed wat die Pieke sedert hulle wording seker nog nie aanskou het nie..**

Dat U. Kaapstad môre nog swaarder gaan leef as op 11 Mei is seker; en dat Stellenbosch net so hard of nog harder, as dit moontlik is, sal moet veg om 'n oorwinning te behaal, is 'n definitiewe feit. Ikeys sal alles in die stryd werp om hulle voorsprong op die puntelys te verseker, maar veral om hulle heerskappy oor die Maties weereens aan die wêreld te bewys. Die Maties gaan 'n fanatieke stryd aanknoop om die drie nederlae wat die Ikeys hulle gedurende die afgelope 2 jaar toegedien het het, te vergoed met 'n oorwinning. Die uitslag sal gevolglik tot die end in die weegskaal bly.

### BESERINGS

Ikeys sal egter nie op volle sterkte op die veld kan draf nie. Hulle sal heelwaarskynlik sonder Fanie van dre Spuy en hulle senterpaar, Fry en Beyers, moet speel. Met hierdie 3 manne buite hulle geledere sal die U.K. agterlyn heelwat van sy slaankrag verloor. Daar is 'n groot moontlikheid dat De Kock, wat 'n beenbesering in die wedstryd teen Grikwas opgedoen het, ook nie sal kan speel nie. Dit sal die Matiespan heelwat verswak, veral as De Kock se voete wat 'n hele paar punte werd is, in aanmerking geneem word. Daar is ook 'n moontlikheid dat Oosthuizen nie sal kan speel nie. In die los sal hy definitief gemis word.

### VOORDEEL

Soos hulle tans speel, beskik die Maties oor 'n sterker en meer gebalanseerde voorhoede as die Ikeys. As die Maties gaan wen, sal dit sekerlik die voorspelers wees wat die grondslag vir so 'n oorwinning gelê het.

Met Basson tussen Horn en Hugo in die voorry, Du Randt en Gouws in die slotposisie, en Swiegers, Burger en Van Wyk, die losvoorspelers, behoort die Maties hulle terdeë in alle vertakkings van die voorspel te laat geld. In die vaste skrums behoort Basson die bal netso dikwels as Duvenhage te haak, terwyl Du Randt, met Gouws om hom by te staan, daarvoor sal sorg dat Stellenbosch 'n besliste heerskappy in die lynstane sal voer. In die losspel sal albei spanne eweveel seggenskap hê. Fry, Stephan en Steytler is erg woelig, maar ons losvoorspelers hoef nie vir hulle agteruit te staan nie.

### MINDER SLAANKRAG

Met die Ikey-driekwarte erg verswak, sal hulle minder slaankrag en deurdringingsvermoë openbaar as wat gewoonlik die geval is. Op grond hiervan wil ek dan ook beweer dat ons driekwarte wat môre se wedstryd betref, goed opweeg teen dié van die Ikeys. U.K. beskik egter oor beter vleuels. Al Smith en Butler is besliste hardlopers en baie gevaarlik as hulle die bal kry. Hugo en Swiegers sal seker die Matie-vleuels uitmaak. Hugo behoort veel meer vir 'n span te beteken as wat tans die geval is. Met sy verbysterende spoed behoort hy om sy teenstander te kan hardloop. Verder skiet sy verdediging heelwat te kort. Met sy spoed behoort hy 'n man kans te gee om om hom heen te kom en dan in te skiet, instede van reg op hom af te hardloop.



*Piet Duvenhage.*

Watson en Turner sal stellig weer die senterpaar uitmaak. Daar skuil groot moontlikhede in hierdie twee spelers, hoewel albei nog gebreke toon. Turner is 'n goeie verdediger, maar hy moet nog die swaai-aangee leer as hy iets op die aanval wil uitrig. Watson beskik oor 'n groot vaart, maar gebruik dit ongelukkig nie. Hy skep die indruk asof hy nooit voluit gaan nie. Sy aangeë is staanstaan, terwyl hy die neiging het om in 'n gaping te gaan staan in plaas van vinnig deur te skiet. Nogtans behoort hulle goed te vaar en die Ikeys-senterpaar spore op die verdediging te laat trap.

Baie is die mening toegedaan dat Ikeys se skakels dié van ons ver oortref. Ek glo egter geensins dat dit die geval kan wees nie. Du Toit verbeter met elke wedstryd, en voer die swaai-aangee pragtig uit, terwyl die bestendige Sennett met sy sluipbreekslae om die skrum, nie 'n duim vir Youngleson hoef terug te staan nie.

Die heelagter-posisie lewer moeilikheid as De Kock nie kan speel nie. Ek dink allig dat Bekker die laaste vesting met eer sal kan verdedig. Hy kan met albei voete skop, terwyl sy verdediging stewig is. Indien De Kock speel, sal Bekker seker in die vleuelposisie geskuif word.

Alles in oorweging geneem, skyn dit asof die Maties se kanse om weerwraak te neem glad nie uitgesluit is nie. Met 'n effense voordeel wat die voorspelers betref, en 'n gelyke aandeel in die agterspel, kan Stellenbosch moontlik as oorwinnaars van die veld stap. Aan die anderkant is dit egter heel moontlik dat 'n herhaling van Intervarsity hom kan voordoen.

---

MANSHOKKIE

## *Saterdag Teen Seepunt*

**Dit wil lyk of daar in die eerste span maar nie permanensie kan kom nie. Die span het selfs totnogtoe nie 'n vaste vorm aangeneem nie. Dit is jammer dat so laat in die seisoen nog moet gesoek word na 'n span. Miskien is dit 'n bewys dat daar nie elf goeie spelers te vinde is nie. Hoe dit ook sy, daar is alle hoop om in die nabye toekoms 'n span op die veld te stuur wat in staat sal wees om sy man te staan en die Matie-heerskappy ook in hokkie-kringe te verseker.**

De Villiers en Van der Vyver is tuis op die linker- en regtervleuel respektiewelik. Du Toit speel in die regter-binnevleuel-posisie en Retief middelvoor. Die linkerbinnevleuel-posisie is tot op datum nog onseker. Dit sal waarskynlik òf Loubser òf Strasheim wees wat Saterdag daar sal speel. Dis ook waarskynlik dat Hennessey middelskakel sal speel vir die eerstespan en Storm regterskakel. Die res van die span is in orde.

Verlede Saterdag is geen wedstryd deur die eerstespan gespeel nie. Wel is Maandag 'n toernooi afgespeel waaraan die meeste van die ligaspanne deelgeneem het. Stellenbosch het twee spanne gestuur en veral die een span het hom goed van sy taak gekwyt en was saam met W.O.B. die wenners van hulle veld.

'n Spannende wedstryd word vir Saterdag in vooruitsig gestel. Die teenstanders is Seepunt, 'n span wat vir U.K. lelik in die stof laat byt het verlede Saterdag op Rondebosch. Seepunt beskik oor 'n uitmuntende verdediging. Tog staan Stellenbosch 'n goeie kans om te wen, veral as die voorhoede die lewendigheid en samespel aan die dag lê soos twee weke gelede teen Vishoek. As Stellenbosch daarin slaag om Seepunt die loef af te steek, sal dit sekerlik baie tel vir hul reputasie.

## *Boks en Stoeiklub Vir Van der Stel*

Woensdagaand is op 'n vergadering, bygewoon deur ruimskoots 'n twintigtal of meer geesdriftiges, en onder die voorsitterskap van mnr. Daantjie Bonthuys, oorgegaan tot die stigting van die Van-der-Stel-Boks- en Stoeiklub.

Die lede bestaan hoofsaaklik uit voetbalspelers uit Van der Stel se geledere. Die eerste kluboefening vind Maandagaand om 7.30 nm. in die ou Rozenhofgebou plaas. Mnr. S. B. Schmolke, voormalige breier van die Universiteit, sal waarneem, en alle belangstellendes, lede van die publiek, studente of skoliere, word hartlik uitgenooi.

## *Maties Verloor Net Een Geveg*

### *Paarl Kry Swaar Op Stoeimat*

Verlede Donderdagaand het die Maties met die Paarliete te doen gekry. Dit was duidelik dat die Paarlstoeiers glad te onervare en swak afgerig is sodat hulle slegs die swaargewiggeveg kon buit in Okkie Maas se afwesigheid.

Marinus het weereens 'n goeie vertoning gelewer en 'n welverdiende oorwining behaal, hoewel hy in 'n hoër gewigsafdeling moes stoei.

Willem du Plessis wat as toeskouer meegegaan het, moes ewe skielik sy rol verander toe een van die spanlede nie die vereiste gewig kon maak nie. Sy verroeste kennis van stoei het hy gou blink gevryf en die geveg gebuit. Die volledige uitslae is (U.S. eerste genoem):

Kapokgewig: Paarl gee geveg prys.

Veergewig: Jansen klop Dempers (2 valle).

Liggewig: Du Plessis klop Mostert (punte).

Weltergewig: Van Blerk klop Van Rooyen (punte).

Middelgewig: Marinus klop Neethling (punte).

Ligswaargewig: Fleischmann klop Smit (punte).

Swaargewig: Stellenbosch gee geveg prys.

„Die Matie" word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Bpk., Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers, Wapenskou (Edms.) Bpk., Pleinstraat, Stellenbosch.


# 'n Goeie Geleentheid!

'n Geleentheid vir u volgende pak klere by die welbekende Snyers in Matieland. Ons kan na maande weer bestellings neem vir pakke klere.

Ons het 'n groot verskeidenheid Engelse stowwe beskikbaar vir die kieskeurige Matie.

Die Somer kom aan vir die witbroeke. Kom maak kennis met ons snyer se goeie snit, hy het jare van ondervinding agter die rug.

**Gebrs. De Wet (Edms.) Bpk.**

**Foon 20. STELLENBOSCH Posbus 21.**